# Rustenburg Gemeenskapskerk

**1 MEI 2022**

Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: rtbgkerk@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902

## Hartlik welkom aan:

- Almal vandag by die Kerk
- Nuwe lidmate
- Besoekers

### Belangrike datums

15 Mei: Karnaval-dankie fees (10h00)
20 Mei: Top tieners besoek veilingkrale by Nico Roux
29 Mei: Uitreik na Lighthouse (10h00)

## Dien die Here met blydskap



Die eise van Here vir Sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig (Psalm 19:10)
Hoe dien 'n mens die Here? Die vraag betrap baie mense onkant. Hulle het gedink die Here is daar om ons te bedien...Nee, mense sal dit waarskynlik nie in soveel woorde sê nie, maar dit is nogal die indruk wat dikwels gewek word: God moet gereed wees om aan ons wense te voldoen, ons gebede te verhoor en ons welvaart te verseker. Wat 'n manier is dit om oor God te dink!
Ons staan in God se diens, nie as willose slawe nie, maar as Koningskinders. God het Sy skepping aan ons toevertrou. Die wêreld waarin jy leef, die omgewing, die bome, berge en see, jou medemens - alles vorm deel van jou werkterrein waar jy in God se diens staan. Jou huwelik, gesin en werk is terreine waar jy God moet dien. Luister maar fyn na God se gebod en moenie van God se eise afwyk nie.
"Dien die Here met blydskap"is die raad van die digter van Psalm 100. Ek dink tog as ons uitgangspunt in ons verhouding met God meer vreugdevol is, sal dit veel makliker wees om Sy wil te gehoorsaam. En waarom nie? Ons het mos baie rede om ons in die Here te verbly. Hy oorlaai ons dag na dag met onverdiende genade.

### Pronkertjie

Ek wil groei Here, ek wil nader aan U kom, maar hierdie wêreld en al sy laste dreig om my siel vasgeplant in moeder Aarde te hou. Wees vir my die ankerdraad waarteen ek kan vleg en my weg vind na die son, waar ek kan blom - vasgedraai om U - sodat die donker dae korter kan word en hierdie ertjie kan pronk.

## i - toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- **Nuwe selfoonnommers / E-posse**
- **adresse en veranderinge**
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke

### Verjaarsdae 1 - 15 Mei 2022

3-Theo Drescher (S)
4-JW Hasset, René Buys
5-Johan van Dyk, Frans Jacobs
6-Hantie Viljoen, Freda vd Merwe
8-André du Toit
9-Hendrik Grobler
10-Louis Swart
11-Jan Hough, Adriaan vd Merwe
12-Janco vd Linde
13-Suzie Wissekerke
14– Bennie Neethling (s), Saskia Erasmus, Jasmyn vd Walt
15-Cobus Bouwer



### Teebeurte

8 Mei - Wyk 6
15 Mei - Wyk 7

### Bid vir ons lidmate

- Riëtte Mc Donald
- Daan Dercksen
- Joey Dreyer
- Ciska Hopkins
- Peet Dique
- Lientjie Venter
- Isabel Mc Donald
- Isabel Groenewald
- Ivy Swart
- Annetjie Jeffrey
- Magda Hamman
- Janet Kleingeld
- Henk Beumer

## Dankoffers

**Ons Kerk se:**
- **instandhouding**
- **groei**
- **hulpverlening**

**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**

☑ **EFT**
☑ **Stoporder**

### Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank**

### Dankie vir elkeen se bydrae tot die RGK

- Ons hou ons gemeente instand
- Ons verbeter ons dienswerk
- Ons versorg ons lidmate en dooplidmate
- Ons reik uit na behoeftiges
- Ons help om Rustenburg skoon te maak

Sonder jou dankoffer kan ons nie!

### Lighthouse uitreik 29 Mei 2022

Ons vra asb vir nie bederfbare voedsel, blikkies kos, baba melk, doeke ens. vir ons besoek aan Lighthouse. Bring dit asb Sondag Kerk toe of laai af by 26 Zandstraat.
Baie dankie